

Sondag 31 Mei

Skrifgedeelte: Lukas 24:13-35

Fokusgedeelte: Lukas 24:15-18

Stop! Kyk dieper ...

Dit is asof hierdie reisigers só besig is om te tob oor die dinge van die verlede dat hulle nie in staat is om hulle nuwe reisgenoot te erken nie. Die opgestane Jesus, in sy verheerlikte liggaam, loop daar langs hulle. Selfs nadat Hy aan hulle die Woord so mooi en duidelik uitlê, besef hulle nog steeds nie wie Hy is nie.

Laat dit jou nie ook dink aan ons daaglikse gejaagde lewe nie? Ons konsentreer so hart om by die volgende dorp in ons lewe uit te kom. Daardie volgende mylpaal. Wanneer ons nie besig is om vir ons 'n toekoms aanmekeer te sit nie, hou ons onself weer besig met kommer oor ons donker toekoms.

Maar ... is die toekoms nie vir ons donker omdat ons na die toekoms kyk sonder die bril van die geloof nie? Is dit nie donker omdat ons nie besef dat Jesus Christus by ons is nie? Hy is langs ons op ons lewenspad. Hy lei ons na ons ewige bestemming.

Net soos die Emmausgangers redeneer ons ook onophoudelik oor alles sonder om Jesus Christus in dit alles te erken. Sonder om God se raadsplan in ons lewens te sien ontvou.

Daarom is dit belangrik dat ons vandag vir 'n oomblik moet stop. Ons moet rustig word! Ons moet Jesus Christus raaksien. Hy is hier met ons. Ons fokus moet op Hom wees. Ons moet sy stem herken wanneer Hy deur sy Woord met ons praat. Hy is nie net 'n vreemde reisiger wat by ons aansluit nie, Hy is ons Verlosser. Hy is die Een wat die verlede, hede en toekoms met mekaar verbind deur sy verlossingswerk.

Ons moet die Woord oopbreek sodat ons Jesus as Verlosser daarin kan sien. Ons moet sien hoe elke belofte van verlossing, geloof, verheerliking, vryspraak en kinskap in Christus tot vervulling gekom het. Ons moet sien hoe ons toekoms van hoop in Hom oopgaan.

Wees entoesiasties oor hierdie Woord wat vir jou en my gebreek is. Gaan en verkondig hierdie goeie nuus!

Sing: Skrifberyming 3-3:1, 6

Dr. PJ de Bruyn (Paul) (Windhoek-Suid)